Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

Meer oor ons

Hou hierdie spasie dop! Elke week deel ons iets van Wapadrant se visie, ons missie, ons waardes en hoe ons werk.

eNuus in kort

Kyk die eNuus in kort deur die volgende skakel te volg: https://youtu.be/T2ogLACbzRI

Nuus vir die week

Sondag 13 September:

- Daar is twee eredienste: 08:30 en 10:00. Die dienste word gelei deur dr. Peet Vermeulen.
- Die liefdegawe (kollekte) word soos volg verdeel:

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Emma Riek wat in die hospitaal opgeneem is.
- Gert Coetzer wat ‘n operasie ondergaan het.
- Phil Louw wat Vrydag ‘n hartklepvervanging ondergaan.
- Sarel Venter wat opgeneem is in die hospitaal.
- Marietjie de Jonge wat ‘n operasie ondergaan het.
- Petro Joubert wat ‘n prosedure ondergaan het.
- Almal wat ongesteld is.
- Die Klassis wat vergader op 14 September 2026.

Kontak die kerkkantoor:

Gebed vir die week:

Epos die kerkkantoor om by die Gebedsgroep aan te sluit

Vanaf die kerkraad se tafel

Werkswinkel oor die pad vorentoe

Op 26 Oktober 2026 vanaf 09:00 tot 16:00 word ‘n werkswinkel by die Gereformeerde Kerk Benoni aangebied. Alle gemeentes en/of lidmate wat gesprek wil voer oor die moontlike pad vorentoe word genooi. Hierdie werkswinkel is ‘n opvolg werkswinkel n.a.v. die eerste werkswinkel wat reeds op 22 Junie 2026 by Wapadrant gemeente aangebied is vir gemeentes met vroue ouderlinge. Die doel van die werkswinkel is om kortliks te deel wat sommige gemeentes se toekomsvisie en strategie vorentoe is, en om daarna saam te besin oor ‘n moontlike pad vorentoe.

Laat weet ons so vroeg as moontlik maar op die laaste teen 21 Oktober 2026 of u die werkswinkel DV gaan bywoon deur die google vorm in te vul by die volgende skakel:
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfdsUialpn3XdSmp31QRChAClukJnWWRx6RZSsR6o_1gYJEzQ/viewform?usp=sharing&ouid=110422243203879925183

GKSA - Deputate Christelike Onderwys

Die Deputate Christelike Onderwys moedig gemeentes en predikante aan om ‘n impak te maak deur met skoolhoofde te praat oor moontlikhede waarby die gemeente op ’n sinvolle wyse betrokke kan raak. Dit is ook belangrik om te kyk watter nood daar is wat aangespreek moet word.

Dit is belangrik om te sorg dat ons kinders weet dat hulle akademie nie los staan van hulle geloof nie. As ouers en gemeentes, moet ons sorg dra dat ons kinders sien dat Christus die Heerser in elke vakgebied is. Hy is die Koning binne en buite die klaskamer, Hy regeer in elke vak.

Stel jouself beskikbaar om op beheerliggame en skoolrade te dien om sodoende ’n impak te maak op die beleid en waardes van skole. Dankie aan elke ouer wat betrokke is by skole, asook vir elke onderwyser wat kosbare werk by skole doen. Ons ondersteun onderwysers en dar hul in gebed aan die Here op.

Spesiale Visitasie en Klassisvergadering

Die kerkraad het met dankbaarheid kennis geneem dat die verslag wat deur die Visitatore van die spesiale Visitasie opgestel is, ‘n ware weerspiëling van die vergadering is. Hierdie verslag is ingedien en sal hanteer word by die Klassisvergadering van Maandag 14 September. Die volledige verslag is ter insae beskikbaar by die volgende skakel: https://drive.google.com/file/d/10MgOsQZRRVh44KclfaimYFVxor8oUnxZ/view?usp=sharing

Twee ander punte op die agenda van die Klassisvergadering is die beswaarskrif deur GK Waterkloofrant dat Wapadrant se lidmaatskap tot die GKSA opgehef moet word, sowel as ‘n beskrywingspunt deur GK Brooklyn dat Wapadrant se lidmaatskap juis NIE opgehef moet word nie.

Die kerkraad vra almal se volgehoue voorbidding vir Klassisvergadering.

Gebed

Gebedsgroep:

Ons is ‘n biddende gemeente. Ons bid vir die kragtige werking van die Heilige Gees in ons lewens, ons huise, ons gemeente en ons gemeenskap.

Liefde verbind ons, gebed verander ons harte en ons getuienis raak die hele wêreld.

Om mekaar te ondersteun, het ons ‘n WhatsApp-groep geskep waar gebedsversoeke, getuienisse en gebede gedeel word. Kom bid saam en beleef meer van God, meer van Sy Gees en meer van Sy Koninkryk.

Sluit by die groep aan deur op jou selfoon op die volgende skakel te klik: https://chat.whatsapp.com/G10ZmHvFJ7EERcnMQA7zVR

Gebedskursus:

In Wapadrant gemeente is gebed vir ons superbelangrik, en daarom bied ons ‘n gebedskursus aan sodat jy in jou gebedslewe kan groei.

Die gebedskursus word deur prof Naas Ferreira aangebied, en dit is volledig aanlyn sodat jy dit rustig in jou eie tyd kan voltooi. Gebruik hierdie QR-kode om vir die kursus te registreer. Jy kan die QR-kode in die e-Nuus kry (sien onder), of vir die kerkkantoor vra om dit vir jou aan te stuur.

Baie belangrik:

- Die kursus is beskikbaar vanaf **2 Oktober**.
- Deelnemers moet die kursus voltooi teen **10 Oktober**.
- En ons sê weer: die kursus kan op eie tyd en teen eie pas gedoen word, sodat jy dit iewers in jou besige program kan inpas.
- Op Saterdag **10 Oktober** sal daar wel ‘n kort byeenkoms van 10:00-11:00 by die kerk wees waar deelnemers lekker verversings kan nuttig en hulle ervaring van die kursus met mekaar kan deel, bymekaar kan leer, en waar hul groei kan vier!

Die kursus is gratis. Jy kan wel ‘n vrywillige donasies maak om te help om die onkostes vir die kursus te dek. Maak ‘n inbetaling in die kerk se rekening, met verwysing: Gebedskursus.

Wapadrant reik uit

Sunrise Naskool:

Gemeente uitreik: gee kos

Elkeen van ons ken iemand met kosnood. Kom ons maak as gemeente ‘n impak deur op 24 of 25 September ‘n kospakkie vir iemand te gee. Ons verneem graag wie almal deelneem sodat ons saam die impak kan vier! Stuur ‘n WhatsApp aan die kerkkantoor met die woorde “Ek het deelgeneem”.

Uit en Tuis

Tuinkompetisie:

Cobus van der Walt en die omgewingspan, loots ‘n tuinkompetisie om die kerkterrein te ontwikkel. Kontak Cobus by 082 578 1919 om meer te wete te kom of jou perseel te bespreek.

Hoërskoolkamp:

Wildsvleis @ diakonie:

Die diakonie het ‘n kudu as skenking ontvang. Daar is dus nog baie maalvleis en boerewors in voorraad. Dit is elke Sondag in die diakonielokaal (in die kuierarea langs die verhoog) beskikbaar @ R100/kg.

Werkskepping tesame met GK Silverton:

Dissipelskap en vaardighede – dit is waarmee Pauline van GK Silverton en Marinda van Lochem van Wapadrant Gemeente begin het. Elke Dinsdag word Bybelstudie en lofprysing, gevolg deur naaldwerk- en kookklasse aangebied. Die doel is om mense met praktiese vaardighede toe te rus waarmee hulle ’n inkomste kan verdien.

Die projek het intussen uitgebrei na houtwerk, asook **Sparkling ’26**, waar kinders onder andere ekstra Wiskunde ontvang en met Afrikaans gehelp word. Vir Sparkling ’26 soek hul iemand wat weekliks ’n informele Afrikaanse groepsgesprek met Engelssprekende kinders kan lei om hulle taalvaardigheid te verbeter.

Hul soek ook iemand wat kan help om **houtwerkklasse** aan te bied en praktiese vaardighede aan volwassenes oor te dra.

Voel jy geroepe om te help? Kontak Pauline by 082 331 6376

Burundi verkopings:

Burundi sending samel fondse in deur tweedehandse items te verkoop. Hulle ontvang graag enige tweedehandse linne, klere, meubels, gordyne, speelgoed en enige bruikbare items wat stof vergader in jou huis. Op 20 September vind die speelgoed verkoping en op 3 Oktober die Wit Olifant verkoping hier op ons kerkterrein plaas.

Griefshare kursus:

Gemeentekamp*:*

Damesoggend - terugvoer

Nie eens die koel lug kon ‘n demper plaas op die hartwarm-byeenkoms van Wapadrant se dames nie. Daar is heerlik gekuier, gelag en gevier!

Besoek ons *Faceboek*-blad vir meer foto’s: https://www.facebook.com/share/p/1HbjfWgUv4/

Vra jou vraag

Al die vrae en antwoorde op die gemeente se webblad beskikbaar:
https://www.wapadrant.co.za/ontdek-jou-plek.html

Lidmaat Netwerk

Besoek die Lidmaat Netwerk en help so om aan jou stad te bou. Byeenkomste, boekvrystellings, dienste sowel as werksgeleenthede (gesoek en beskikbaar) is ook hier te vind. Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur ‘n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

Wat is nuut? Kyk gerus na die aanbiedinge deur Wapadrant Spar en Woodlands Boulevard Pick n Pay.

LidmaatNetwerk

https://www.canva.com/design/DAFYMHYdpxU/o7OImFpFrhwiiGXnTN7SnA/view?utm_content=DAFYMHYdpxU&utm_campaign=designshare&utm_medium=link&utm_source=publishsharelink

Meer oor eredienste

Volg eredienste via Youtube

https://www.youtube.com/channel/UCb3hrn

Volg eredienste via Facebook

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos

'n Hart van gee

'n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog 'n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor